IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I13 Vol. 16 Pg. 727-777.

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1986-02-04

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSORE: MNR. W.F. KRÜGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

76

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

(IN CAMERA GETUIE)

VOLUME 16

(Bladsye 727 - 777)

HOF HERVAT OP 4 FEBRUARIE 1986.

HOF : Mnr. Fick, voordat die getuie begin, wil ek graag 'n vorderingsverslag van u hê. Ek sien mnr. Hanekom is nou ook weer terug in die hof. Hoe vorder die dokumentasie wat u sou opstel en uitwisseling van gegewens en die moontlike skikking van nie-kontensieuse punte?

MNR. FICK : Die eerste bylae waaroor dit gegaan het, is verskaf aan die verdediging. Hulle werk daardeur. Dit is 'n magdom dokumente. Ek besef dit. Hulle sal lank vat voordat hulle kan terugkom en sê of hulle dit gaan erken of nie. Die tweede lys, aanhangsel, is klaar getik. Ek het dit vir die tikster gegee om net die tikfoute reg te maak. Dit sal ook na hulle toe gaan vandag. Die ander dokumente, BEWYSSTUKKE AQ, het die verdediging ook gekry. Na die hof vanmiddag sal ek en mnr. Tip gaan en hoor hoe ver het hulle gevorder met die eerste klomp erkennings.

HOF : U sal seker nie omgee as ek u hier by Donderdagoggend weer vra hoe dit vorder nie?

MNR. FICK : Soos dit u behaag.

ABRAM SEKGOTO, nog onder eed (Deur tolk)

MNR. FICK : Die Staat wil die Hof op hierdie stadium vra om hierdie getuie ingevolge die bepalings van artikel 204 te waarsku op die aanklagte soos in die akte van beskuldiging uiteengesit.

HOF : Die beskuldigdes staan tereg op 'n aanklag van hoogverraad, 'n aantal aanklagte van terrorisme en in die alternatief subversie en ook op ses aanklagte van moord. Die Staat beweer dat u moontlik betrokke kan wees by een of meer van daardie aanklagte en dit is my plig dus om vir u in terme van artikel 204 te waarsku. U is verplig om getuienis te gee. Vrae mag aan u gestel word wat u mag inkrimineer. U is verplig om

die vrae te beantwoord, ten spyte van die feit dat dit u mag inkrimineer. Indien u eerlik die vrae beantwoord, sal u vrygestel word van vervolging ten opsigte van die misdade wat in hierdie saak ter sprake is en u is gevolglik dus verplig om die vrae nou te beantwoord.

<u>ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK</u> : U was woonagtig gewees te Gebied 3, Sebokeng tot November 1984? -- Dit is so.

U het daarna verhuis na Gebied 14, Sebokeng? -- Dit is so.

U was werksaam by die Vaal Transport Corporation, Vereeniging? -- Dit is so.

As wat? In watter hoedanigheid? -- Store controller.

U was lid van 'n vereniging bekend as die Vaal Writers' Association? -- Dit is so.

Gedurende Februarie 1983, is u na 'n vergadering in die Rooms-Katolieke Kerk, Small Farms? -- Dit is so.

Wat se vergadering was dit gewees? Kan u vir die Hof sê? -- Dit was 'n vergadering georganiseer deur COSAS.

<u>HOF</u> : Het ons al op rekord wat COSAS is of nog nie?

<u>MNR. FICK</u> : Kan u vir die Hof sê wat is COSAS, waarvoor staan die woord COSAS? -- COSAS is 'n organisasie of 'n kongres van studente in Suid-Afrika.

Met toestemming van My Geleerde Vriend kan ek op rekord plaas dat COSAS is die Congress of South African Students.

<u>HOF</u> : Was dit 'n vergadering net vir studente of was dit 'n vergadering vir lede van die publiek ook? -- Dit was 'n vergadering vir almal.

<u>MNR. FICK</u> : Het u by die vergadering enige persone ontmoet? -- Ja, dit is so.

Wie het u daar ontmoet? -- Die wat ek nog kan onthou is ene Simon Nkoli, Gcina Malindi.

Sien u enige van die persone hier in die hof? -- Ek het

al een gesien hier voor die Hof. Die tweede een het ek nog nie gesien nie. Ek sien nou die tweede een ook.

Kan u aan die Hof aandui wie is die eerste persoon wat u gesien het? -- Beskuldigde nr. 5.

HOF : Laat nr. 5 opstaan. Is dit hierdie persoon? -- Ja, dit is die persoon.

MNR. FICK : En? -- Die tweede een op die agterste bank van my linkerkant af.

HOF : Dit is beskuldigde nr. 13. -- Ja.

Wie ken u as Nkoli en wie ken u as Malindi? -- Nkoli is die een op die agterste bank en Malindi is die een voor.

MNR. FICK : Kan u aan die Hof aandui, was dit die eerste keer wat u die twee persone in u lewe gesien het of het u hulle vantevore geken? -- Ek het hulle geken voor die dag van die vergadering.

Vanwaar het u hulle geken? -- Hulle was al teenwoordig by vergaderings wat ons gehou het van die Vaal Writers' Association.

HOF : Die Vaal Writers' Association, is dit ŉ politieke organisasie of is dit mense wat boeke skryf of is dit koerantskrywers? Wat se soort mense is dit? -- Dit was ŉ organisasie wat boeke geskryf het.

MNR. FICK : Is die organisasie enigsins polities georiënteerd? -- Nee, dit is nie so nie.

By die vergadering het u nou vir die Hof gesê het u hierdie twee here ontmoet. Wat het toe gebeur? -- Hulle het ŉ gesprek met my gevoer dat ek by Vaal Youth Congress moet aansluit.

Laat ons dit net duidelik kry. Die twee was hulle saam bymekaar toe hulle met u gepraat het of het die een na die ander met u gepraat? -- Hulle was bymekaar teenwoordig toe

hulle met my daaroor gepraat het.

Het u voor hierdie tyd geweet van 'n liggaam of 'n organisasie bekend as Vaal Youth Congress? -- Nee, ek het nie daarvan geweet nie - van die bestaan daarvan geweet nie.

Het enige van beskuldigdes nrs. 5 of 13 aan u verduidelik wat se organisasie of liggaam hierdie Vaal Youth Congress is? -- Ja, hulle het aan my verduidelik dat dit eintlik 'n tak is van COSAS wat te doen het met politiek, maar vir mense wat nie meer skool loop nie.

Weet u uit u eie enigsins of COSAS se lidmaatskap beperk is tot sekere klas persone? -- Herhaal die vraag?

Weet u uit u eie ondervinding of COSAS se lidmaatskap beperk is tot 'n sekere klas persone? Byvoorbeeld net onder vrouens of net mans? -- Dit is vir albei, mans en vrouens.

HOF : Ou mans, jong mans? -- Vir persone wat nog skoollopend is.

MNR. FICK : Het enige van beskuldigdes nrs. 5 of 13 aan u aangedui waarom hulle wil hê u moet aansluit by die Vaal Youth Congress? -- Hulle het gesê hulle wil hê ek moet op hulle Executive Advisory Board wees, dit wil sê van hierdie organisasie.

As adviseur, verstaan ek u reg? -- Dit is so.

Wat was u houding? -- My antwoord daarop aan hulle was ons sal dit regmaak.

Bedoelende wat? -- Daarby het ek bedoel ons sal hulle regmaak dat ek kan sien of ek by hulle gaan aansluit of nie, wat die posisie is.

Gedurende Maart 1983, dit is die volgende maand, het u by 'n kollega van u gaan kuier in Gebied 3, Sebokeng? -- Dit is so.

Wat is die man se naam? -- Philemon Khweta.

/ Wat

Wat het daar gebeur by die huis toe u daar aankom? -- Terwyl ons daar was, het 'n persoon wat destyds nie aan my bekend was nie, opgedaag. Dit is Oupa Hlomoka, met wie ek nou goed bekend is.

Kan u hom in die hof uitwys? -- Dit is die tweede een van die linkerkant af.

HOF : Sal hy opstaan, asseblief? Is dit hy? -- Ja.

Beskuldigde nr. 2.

MNR. FICK : U sê u het hom nie voor daardie datum geken nie? -- Dit is korrek, ek het hom nie geken nie.

Wat het toe gebeur? -- Na ons daar mekaar ontmoet het, en mekaar leer ken het daar, het ons toe in ons geselskap tot by die gesprek gekom waar ons van AZAPO gepraat het.

Kan u vir die Hof sê waarvoor staan AZAPO? Is dit 'n afkorting? -- Ja.

En die volle naam? -- Azanian People's Organisation.

Wat het u en beskuldigde nr. 2 gepraat oor AZAPO? -- Hy het met my gepraat sodat ek by AZAPO moet aansluit as 'n lid. Eintlik sal ek sê hy was besig om my te werf.

Het u probeer vasstel van beskuldigde nr. 2 wat AZAPO nou eintlik is en waarvoor staan AZAPO? -- Ja, dit is so.

En het beskuldigde nr. 2 vir u gesê wat is volgens hom die doelstellings van AZAPO? -- Ja, hy het aan my verduidelik.

Wat het hy vir u gesê?-- Hy het aan my verduidelik dat AZAPO is 'n organisasie wat vir ons staan. Dit wil sê wat namens ons optree, die Swartmense in hierdie land, dit wil sê die Republiek van Suid-Afrika. Hy het toe verder aan my verduidelik dat die prosedure of die doelstellings van AZAPO is min of meer dieselfde as dié van die PAC, wat ek van geweet het.

HOF : Het hy gesê dit is min of meer dieselfde as dié van

die PAC of het hy verduidelik wat die doelstellings was en u het toe gesien dit is ongeveer dieselfde as dié van PAC? -- Hy het aan my die doelstellings van die organisasie verduidelik. Ek het toe gevind dat dit eintlik dieselfde doelstellings is as die van die PAC.

Wat is dit? -- PAC is 'n organisasie vir Swartmense, alleenlik vir Swartmense. Ons soek nie Witmense betrokke daar nie.

En wat nog? -- Want hierdie land is vir ons, die Swartmense, soos Afrika is.

MNR. FICK : Nog iets? -- Dit is al.

HOF : Beteken dit hierdie land is vir ons, die Swartmense, soos Afrika is, beteken dit eksklusief of is daar ook plek vir ander mense?-- Net vir Swartmense.

MNR. FICK : Toe u tot hierdie gevolgtrekking nou gekom het, het u met beskuldigde nr. 2 gepraat oor die gevolgtrekking waartoe u gekom het? -- Na dit het ons toe nie 'n goeie kans gehad om daaroor te gesels nie, tot in Aprilmaand.

Die April wat u van praat, is dit in dieselfde jaar, 1983? -- Dit is so.

Het u toe weer 'n kans gekry om te praat daaroor? -- Ja.

Waar was dit? -- Hy het my kom besoek by my woning te Gebied 3.

Praat jy nou van beskuldigde nr. 2? -- Oupa Hlomoka, beskuldigde nr. 2.

Toe beskuldigde nr. 2 daar by u kom, was u en hy alleen daar by die huis of was daar nog mense? -- Net die twee van ons alleen was daar.

Het beskuldigde nr. 2 vir u gesê wat kom maak hy daar? -- Hy het 'n kasset van sy persoon uitgehaal en dit te voorskyn gebring. Dit het ons gespeel op 'n radiokasset.

HOF : Dit is nou op 'n radiokassetspeler? -- Korrek.

MNR. FICK : En? -- Dit het 'n "interview" bevat wat deur Radio Freedom gedoen was met ene Libon Mabaso en ene Seth Cooper.

Hoe weet u dit? Is dit vir u gesê? Het u dit gehoor? -- Hy het my eers gesê dat dit 'n "interview"" was wat Radio Freedom met Libon Mabaso en Seth Cooper gehad het.

HOF : Wat is Radio Freedom? -- Ek verstaan nie die vraag nie.

U moet verstaan dat hierdie Hof veronderstel is om niks te weet nie. So, u moet vir die Hof verduidelik soos 'n babatjie. Wat is die Radio Freedom? -- Radio Freedom is 'n radio-uitsendingstasie net soos Radio Springbok.

Wie besit Radio Freedom? -- Ek weet nie wie besit dit nie, maar dit word ontvang van Lusaka.

MNR. FICK : U het geluister na hierdie band en wat gebeur toe? -- Ons het geluister terwyl die "interview" aan die gang was met Libon Mabaso, waar hy besig was om te verduidelik oor die "liberation struggle" van die Swartmense in Suid-Afrika.

Gaan aan? -- Terwyl ons nog so geluister het, het die eienaar van die huis toe buite gestop met 'n voertuig. Oupa het toe die kasset vanaf die radio afgehaal. Ek het toe vir hom gevra om dit daar by my agter te laat sodat ek goed daarna kan luister terwyl ek alleen is. Ongelukkig het hy geweier om dit te doen en gesê hy mag dit nie doen nie, want as dit in my besit gevind word, dat ek dit besit.

Het u ooit weer na daardie tyd na die kasset geluister?-- Nee, ek het nie weer 'n kans gekry om daarna te luister nie.

Terwyl hierdie kasset gespeel het, het u en beskuldigde nr. 2 gepraat? -- Dit is so.

Waaroor? -- Oor die "interview" van Libon Mabaso en Radio Freedom en oor my aansluiting by hierdie organisasie

/ AZAPO

AZAPO.

Wat het u daaroor gepraat? -- Hy het weer 'n keer aan my verduidelik dat AZAPO 'n organisasie is vir die Swartmense, wat namens die Swartmense baklei.

MR BIZOS: When My Learned Friend is finish with the affairs of the PAC, I thought that we would not object earlier, because it may be an introductory matter to something else. If my memory serves me correctly the PAC is not a co-conspirator in this.

COURT : AZAPO?

MR BIZOS : AZAPO is.

COURT : We are dealing with AZAPO.

MR BIZOS : What I am concerned with is, if it was led for the purposes of an introductory matter, this is the reason why we did not object, but I do not want our silence in that regard to be misconstrued.

COURT : Either you object or you do not object? Then I will deal with it on its merits. You cannot just stand up and say we reserve our rights.

MR BIZOS : Where the relevance may or may not be obvious, what else can we do?

COURT : Very well, then you cannot object.

MR BIZOS : But on the other hand, I did not want to be thought that we stood by in this regard.

COURT : That is noted. Gaan voort, asseblief. Terwyl ons tog nou 'n onderbreking het. Weet u miskien wie hierdie mnr. Mabaso is?-- Ja, ek weet wie Libon Mabaso is.

Wie is hy? -- Destyds terwyl Oupa met my gepraat het oor AZAPO was hy die president van AZAPO.

En hierdie Seth Cooper? -- Hy was die "vice-president."

MNR. FICK : Op daardie stadium? -- Dit is so.

HOF : En die aard van die onderhoud was 'n rustige teoretiese bespreking oor die toekoms van die Swartmense in die land of wat was die aard van die onderhoud? -- Hy het geskets hoe die Swartmense in Suid-Afrika lewe en dit verduidelik in daardie onderhoud. Hy het toe verder verduidelik dat AZAPO baklei dat dinge moet regkom, dat Azanië terugbesorg word aan die eienaars wat dus beteken het dis die Swartmense.

MNR. FICK : Die benaming AZanië, is u bekend met die benaming? -- Ja, ek hoor daarvan.

Waarvoor staan dit? -- Azanië se betekenis is Afrika.

HOF : Die hele Afrika van Kaap tot Kafro? -- Dit is waar ek nou nie op hoogte is of dit die geval is nie.

MNR. FICK : U het vir die Hof gesê u en beskuldigde nr. 2 het toe weer gepraat en hy het weer vir u gesê waarvoor staan AZAPO. Het hy nog enigiets anders gesels? -- Soos ek alreeds gesê het, hy het verduidelik aan my oor die doelstellings van AZAPO wat min of meer dieselfde is as dié van die PAC.

Het u op hierdie stadium, die gevolgtrekking waartoe u gekom het aan beskuldigde nr. 2 oorgedra? -- Ja, ek het.

HOF : U bedoel u het vir beskuldigde nr. 2 gesê die doelstellings is dieselfde as dié van die PAC? -- Wat ek gesê het, is die doelstellings is presies dieselfde, dié van die PAC en dit wat daar gesê word is die waarheid oor die lewensskets van die Swartmense.

MNR. FICK : Wat was beskuldigde nr. 2, indien enige, se reaksie op die opmerking wat u gemaak het? -- Hy het toe vir my gevra "Hoe gaan dit wees as jy kan aansluit?" Ek het dit goed gesien dat dit die regte ding is dat ek aansluit want ek is 'n Swartmens van Suid-Afrika wat sukkel.

Het u aangesluit by AZAPO? -- Ja, ek het.

Daardie selfde dag? -- Nie dieselfde dag nie.

Hoe lank daarna? -- Ek kan nie sê hoe lank daarna nie, maar dit was nog in dieselfde maand, April 1983.

HOF : Ek sien, mnr. Fick, ons het ons eerste lid van die pers hier. Het u aan die lid verduidelik dat daar een verdere voorwaarde bygekom het by die vorige bevel?

MNR. FICK : Dit is aan die polisie oorgedra om dit so aan die pers oor te dra.

HOF : Dit is dat daar nie melding gemaak mag word dat die getuie 'n aangehoudene is nie.

MNR. FICK : Op daardie stadium toe u by AZAPO aangesluit het, was daar enige tak van AZAPO in die Vaal Driehoek op daardie stadium? -- Daar was nie een nie.

Het daar later een tot stand gekom? -- Ja.

Kan u aan die Hof verduidelik hoe dit gebeur het dat hierdie tak van AZAPO tot stand gekom het? -- Die vriend van my, Oupa ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit is beskuldigde nr. 2? -- Beskuldigde nr. 2 het aan my name van sekere persone gegee. Dit is terwyl ek by Vaal Transport werk. Die persone is ook werksaam by dieselfde firma as ek.

MNR. FICK : Wat moes u met die name gemaak het wat aan u gegee is? -- Hy het my versoek om met die mense te praat sodat ons 'n tak van AZAPO in die Vaal Driehoek kan stig.

Het u met daardie persone gepraat? -- Ja, ek het.

Hoeveel persone was dit? -- Terwyl ek met die mense daar gepraat het, het ek nie getel hoeveel mense daar is nie. Ek het dit net genoem in 'n vergadering van die werknemers van die Vaal Transport.

Hierdie AZAPO-tak in die Vaal wat tot stand gekom het, wanneer het dit tot stand gekom, weet u? -- Dit was nog gedurende

die jaar 1983, al kan ek nie onthou in watter maand dit was nie.

Was daar 'n bestuur gekies vir hierdie tak? -- Ja.

Was u teenwoordig toe hierdie bestuur gekies is? -- Dit is so.

Kan u aan die Hof aandui wie was hierdie bestuur wat gekies is? -- Die voorsitter was beskuldigde nr. 2, die sekretaris was ene Modise Lehoko, van wie ek later oorgeneem het omdat hy nie aktief was nie. Die "treasurer" was ene Charles Mabiletsa.

Was daar ander nog gewone lede? -- Ja, daar was. Ene Father Moselane.

Die Father Moselane, sien jy hom in die hof? -- Ja, ek sien hom.

Waar is hy? -- Beskuldigde nr. 3.

HOF : Sal hy net opstaan. Is dit hy? -- Ja. En ene Moshe en Tapeli.

Is dit gewone lede van die bestuur of gewone lede van die tak? -- Dit was gewone lede van die tak.

MNR. FICK : Kan u aan die Hof aandui waar en wanneer hierdie vergadering gehou is waar die mense gekies is? -- Dit was gehou te St. Cyprian Anglican Church in Sharpeville.

Wie is die leraar van daardie kerk? -- Father Moselane, beskuldigde nr. 3.

Is daar enige besluite geneem op hierdie stigtingsvergadering oor wat AZAPO (Vaal), die tak daar gaan doen? -- Die besluit was dat ons moet mense kry of mense wat sal aansluit as lede sodat die tak vir AZAPO in die Vaal Driehoek sterk kan wees.

Is ek reg as ek sê dat daardie volgende tyd is meer gebruik om lede te werf om die tak te versterk? -- Dit is so.

Is daar enige besluit geneem waarom moet AZAPO in die Vaal 'n sterk tak hê? Wat was die rede? Hoekom moet hy sterk wees? -- Omdat dit die Swartmense se organisasie was. Tweedens, dit was voorbereiding sodat ons die verkiesings wat gehou sal word kon beveg en teen dit veg.

HOF : Watter verkiesings? -- Van "Black local authorities bills."

MNR. FICK : Is dit die van die gemeenskapsraad? -- Dit is so.

HOF : Sou dit beteken dat julle sou deelneem aan die verkiesing en kandidate stel of wat bedoel u met beveg? -- Daarby bedoel ek dat die gemeenskapraad se verkiesings nie moet bestaan daar nie, nie dat ons kandidate ook sou ingebring het nie.

U sou nie kandidate gestel het nie? -- Nee.

Hoe beveg 'n mens dan 'n verkiesing as jy nie deelneem aan hom nie? -- Ons politiseer mense om nie die mense te gaan kies nie.

MNR. FICK : Verstaan ek u reg, AZAPO het hom beywer vir 'n totale boikot van daardie verkiesings? -- Korrek.

Sodat daar geen kiesers moet wees nie? -- Dit is so.

En die bestaande lede wat daar was van die plaaslike bestuur, wat was AZAPO se houding teenoor hulle? -- Ons sou hulle ook wou gehad het dat hulle moet "resign".

Het AZAPO Vaal besluit op enige strategie hoe om hierdie mense te kry om te bedank? -- Op daardie stadium, toe ons hierdie ding geformuleer het, het ons nie by die besluit gekom van watter strategie ons gaan gebruik nie.

Het die AZAPO Vaal tak enige besluit geneem wat wil hulle hê in die plek van die Swart plaaslike bestuur as hulle dit nie wil hê nie? -- Die besluit was, ons soek nie "puppets" nie.

HOF : Wat soek u dan wel? -- Dat elkeen vir hom of haarself kan dinge doen, byvoorbeeld as ek huurgeld gaan betaal, betaal

ek op my eie, want hierdie raadslede was nie deur die gemeenskap as geheel gekies nie. Hulle was gekies deur sekere persone aan wie hulle, die raadslede, goed bekend was.

Ja, maar ek verstaan dit nou nie mooi nie. As 'n mens nou - was die gedagte van AZAPO dat daar glad geen plaaslike bestuur hoegenaamd moet wees nie? -- Ja.

Maar wat moet dan die plek administreer? -- Ons het nog nie op daardie besluit gekom wie dan die administrasiewerk sou gedoen het na die wegdoen of die bedanking van die raadslede nie.

Was die gedagte dan om chaos te skep? -- Nie op daardie stadium nie. Ons het nog nie daaraan gedink nie.

MNR. FICK : Ons gaan nou aan na Oktobermaand 1983. Gedurende die week voor 9 Oktober was daar sekere plakkate opgeplak in die woonbuurt Sebokeng? -- Ja.

Wat se plakkate was dit? -- Dit is die "formation van Vaal Civic Association" aangedui.

HOF : Het dit aangekondig dat daar so 'n organisasie gestig sal word? -- Ja.

MNR. FICK : Het die plakkate aangedui waar die ding gestig gaan word en wanneer? -- Ja, die plakkate het alles verduidelik.

Kan u die datum onthou? -- 9 Oktober 1983.

U sê die plakkate het aangedui waar dit gehou gaan word. Waar was dit? Waar gaan die vergadering gehou word vir die stigting? -- Roman Catholic Church Zone 12, Sebokeng, sou die vergadering gehou gewees het.

Was daar enige aanduidings op die plakkate oor mense wat gaan kom die vergadering toespreek? -- Ja, dit het.

Kan u nog onthou wie was die sprekers volgens die plakkate? -- Die lede van Soweto Civic Association, naamlik dr. Motlana, Elliot Shabangu, Curtis Nkondo van die Union of South

African National Education.

Het u voor 9 Oktober geweet van die moontlike stigting van so 'n organisasie? -- Ek het vir die eerste keer bewus geword daarvan toe ek die plakkaat gesien het by die bushalte by die koopsentrum.

Kan u vir die Hof aandui, weet u of die plakkate aangedui het wie het dit uitgereik? -- Ja, dit was op die plakkate self aangedui dat dit uitgereik was deur Vaal Action Committee.

Op 9 Oktober 1983 het u na hierdie vergadering toe gegaan? -- Ja, ek het.

Hoe laat? -- Dit was om en by 13h00 toe ek daar opgedaag het.

Die plek waar die vergadering gehou was, is dit in die kerk self? -- Ja, dit is so.

Kan u aan die Hof aandui in die kerk self, was daar enigiets in die lyn van plakkate of biljette of iets van die geaardheid? -- Ja, daar was plakkate gewees.

Kan u die plakkate aandui, wat se soort? -- Dit was tuisgemaakte plakkate, "home-made".

Waaroor het hierdie plakkate gehandel? Weet u? -- Die plakkate het gepraat van die formulering van die Civic Association.

Was dit al? -- Hulle was geïdentifiseer van watter organisasie hulle gekom het, byvoorbeeld van COSAS, UDF en Release Mandela Committee.

Het u van hierdie Release Mandela Committee geweet voor hierdie datum? -- Ja, ek het.

Is dit 'n bekende organisasie? -- Baie, ja.

Toe u daar by die vergadering aankom, was die vergadering al aan die gang? -- Die vergadering was nog nie aan die gang gewees nie. Die mense was net besig om te sing.

Was daar 'n verhoog in hierdie plek? Of was daar nie 'n verhoog nie? -- Die mense het net daar gesing. Ek sal sê alles was normaal gewees. Die mense het net gewag op wat later daar sou kom plaasvind.

Ek dink miskien verstaan u die vraag nie. In die kerk was daar 'n verhoog, 'n "stage"? -- Daar was 'n "stage" gewees.

Toe u daar kom, was daar mense op daardie platform? -- Ja, daar was.

Wat het hulle gemaak? -- Daar was van die mense wat gesit het en daar was die wat gesing het en daar was ander wat eintlik die leiers was in die singery.

Kom ons begin by die leiers van die singery. Was daar van hulle wat u geken het? -- Ja.

Kan u hulle noem? -- Simon Nkoli. Ek weet nie wat sy nommer is hier nie.

Dit is dieselfde persoon as wat u laas uitgewys het hier. Beskuldigde nr. 13. -- Ja.

Wie nog? -- Malindi Gcina.

Dieselfde een wat u netnou uitgewys het, beskuldigde nr. 5? -- Ja.

Wie nog? -- En Petrus Malindi.

Wie is Petrus Malindi? -- Sy broertjie.

Sien u die broertjie van Gcina in die hof ? -- Ja.

Waar sien u hom? -- Hy is die eerste een heel agter soos ek hier staan.

<u>HOF</u> : Sal beskuldigde nr. 12 opstaan? Is dit hy? -- Ja. En Jerry Hlopane.

<u>MNR. FICK</u> : Sien jy hom? -- Ja.

<u>HOF</u> : Beskuldigde nr. 14? -- Ja.

<u>MNR. FICK</u> : U sê hulle was die leiers van die klomp singers? -- Ja.

Wat het hulle gesing die klomp? -- Wat ek nog kan onthou van daardie gesingery was die volgende bewoording "Thambo Usehlathini Ufundisi Amajoni."

Wat beteken dit? -- Thambo is in the bush, training the soldiers.

Is daar enige ander liedere wat gesing is? -- Een was "Senzenina Isono Sethu Ubumnyama."

Hierdie eerste lied wat u van gepraat het van Thambo, weet u wie is Thambo? -- Ja, ek weet wie hy is.

Wie is hy? -- Dit is die huidige president van die ANC.

Laat ons nou kom by die ander persone wat ook op die verhoog was. Kan u hulle onthou, wie was dit? -- Reverend Lord McCamel was daar, Iso Raditsela, Thabiso Ratsomo, Reverand Lethale was ook daar en 'n ou man Kabi.

Weet jy van nog mense? -- Mike Kgaka.

Nog ander mense? -- Elliot Shabangu was ook daar gewees, dr. Motlana, Curtis Nkondo. Een wat 'n bietjie later opgedaag het, is ene Johnny Motete, maar toe hy daar opgedaag het, het hy direk na die platform toe gegaan.

Is daar nog persone wat jy kan onthou wat op die verhoog was? -- Dit is al mense wat ek kan onthou.

Die Thabiso Ratsomo wat u van praat, sien u hom in die hof? -- Ja, ek sien hom.

Waar is hy? -- Dit is die een op die hoek aan my regterkant op die agterste bank.

<u>HOF</u> : Laat beskuldigde nr. 22 opstaan, asseblief? -- Ja.

<u>MNR. FICK</u> : Laas het u vir ons vertel die mense het gesing? -- Ja.

En toe die singery ophou, wat gebeur toe? -- Na die gesingery opgehou het, het Lord McCamel opgestaan en die mense toegespreek deur vir hulle te sê wat die doel van die vergadering

/...

was, hoekom die vergadering daar gehou word.

Wat het hy gesê hoekom word die vergadering gehou? -- Hy het gesê die vergadering wat daar gehou is, is om verkiesings te hou van lede wat vir die gemeenskap se belangstelling sal moet staan, dit wil sê dit wat hulle oor kla of dit wat hulle gehê gedoen moet word vir die gemeenskap, oor die daaglikse gebeurtenisse, om dit te behandel.

Na hom, het daar nog mense gepraat? -- Ja, dit is so.

HOF: Net voor ons daarby kom. Was die gedagte dat die mense waar mense probleme het, dit nou moet skik onder mekaar, dat daar mense gekies moet word wat as bemiddelaars moet optree onder die mense of was die gedagte dat mense verkies moet word om met die owerhede te onderhandel? -- Die gedagte was dat die mense sou die lede gekies het wat dan namens die gemeenskap hulle klagtes of wat ook al die probleem is, sal moet gaan voordra aan die owerhede en dit met die owerhede skik namens die gemeenskap.

MNR. FICK : Kan u vir die Hof sê wie was die volgende spreker? -- Ek kan nie meer spesifiek onthou wie onmiddellik na hom daar gepraat het nie, maar daar was ander mense ook wat gepraat het daar.

Noem dan aan die Hof die volgende spreker wat u kan onthou? -- Ek onthou Elliot Shabangu as een van die persone wat daar gepraat het.

Kan u aandui wat hy oor gepraat het? -- Wat hy gesê het was dat hulle is bly om te sien dat mense, die gemeenskap van die Vaal bereid was om so 'n liggaam te stig. Hulle as mense van Soweto.

Het hy nog iets gesê? -- Hy het verder gesê dit is nou tyd dat die Vaal se mense moet opstaan en bymekaar kom en een ding vorm sodat hulle in staat kan wees om die probleme

/ daar

daar in die omgewing wat bestaan te kan oplos deur gebruik te maak van hierdie mense wat namens hulle sal optree, want hierdie mense sal in staat wees om namens die gemeenskap te werk "unlike" die gemeenskapsraadslede. Hy het toe verder gesê as die mense van die Vaal hierdie Civic Association geformuleer het, wys dit dat hulle saamstaan of mekaar verstaan en toe verder oorgedra dat die mense nie moet deelneem aan die verkiesing van die raadslede nie, want dit sal die rewolusie help.

HOF : Wat sal die rewolusie help? As hulle deelneem of as hulle nie deelneem nie? -- Want as hulle kies, sal hulle die rewolusie help.

As hulle wat kies sal hulle die rewolusie help? -- Daarby bedoel ek, die Civic Association sal mense wees wat gekies is deur die gemeenskap en die mense wat gekies is deur die gemeenskap, sal dan teen die gemeenskapslede optree wat bestaan daar in die sin dat hierdie mense van hulle nie sal saamloop met die gemeenskapslede nie.

Ja, ek het eintlik gevra as jy wat doen dan help jy die rewolusie? -- As ons die raadslede kies, dan help ons die rewolusie.

MNR. FICK : Het hy aangedui hoe word die rewolusie gehelp as die raadslede gekies word? -- Nee, hy het dit nie verduidelik nie.

Die woord rewolusie, is dit u eie woord, of is die woord spesifiek gebruik? -- Ek haal sy woorde aan. Dit is hy wat dit gebruik het.

GETUIE STAAN AF.

K52 HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

ABRAM SEKGOTO, nog onder eed

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : U het laas getuig oor

Elliot Shabangu. -- Sy ander woorde was oor die mense van die Vaal. Ek wil die woorde gebruik wat hy direk gebruik het. Die woorde was aan die mense van die Vaal "Dit is lank wat julle onderdruk is. Dit is nou tyd dat julle moet opstaan en wys dat julle mense is."

Het die getuie gesê hoe hierdie mense moet opstaan en wys hulle is mense. -- Die getuie?

Die spreker Shabangu? -- Ja, dit beteken dat hulle moet baklei vir hulle regte. Dit is wat hy gesê het.

Het die spreker aangedui hoe hulle moet baklei vir hulle regte? Op watter wyse? -- Al wat hy gesê het is dat hulle moet vir hulle regte baklei.

Daar is nog een aspek van hierdie spreker se verklaring wat ek wil opklaar. In watter verband en op watter stadium het hierdie spreker gepraat van die rewolusie? -- Soos dit alreeds bekend gemaak was deur die eerste spreker daar, toe die spreker die mense 'n rede gegee het hoekom daardie vergadering daar gehou was.

Toe Shabangu gepraat het van die rewolusie, het hy eers gepraat van die mense moet opstaan en veg of het hy eers gepraat van die rewolusie en daarna gepraat van die mense moet opstaan en baklei vir hulle regte? -- Hy het eers gesê die mense moet opstaan en veg. Die rewolusie het hy genoem op die laaste oomblik na dit, nadat hy gesê het die mense moet opstaan en veg. Met ander woorde, dit het hy genoem met die afsluit van sy toespraak.

Het die spreker Shabangu enigiets van die raadslede self gepraat? -- Ja, hy het.

Wat het hy van hulle gesê? -- Hy het gesê die Community Councillors is die "puppets" van die "government". Die gemeenskap moet nou nie op hulle wag of verwag dat die

/ gemeenskapsraad

gemeenskapsraad dinge namens hulle sal doen nie. Hulle moet hulle eie mense kies om na hulle sake te kyk. Hy het toe verder gesê dat die raadslede is net die benaming wat verander is. Andersins is daardie ou stelsel van die "advisory board" op 'n ander naam. Dit is een manier wat die mense onderdruk, verwysende na die Swartgemeenskap.

Kyk, u was nou daar by die vergadering, die Hof was nou nie daar nie. Hoe het die gehoor gereageer op Shabangu se woorde in verband met die rewolusie? -- Hulle was "excited".

Het hulle iets gedoen? -- Hulle het hierdie teken gegee, en die woorde gebesig.

HOF : Dit is 'n teken waar die regtervuis in die lug opgesteek is. -- En toe gesê Amandla Ngawethu.

MNR. FICK : Kan u hierdie woorde Amandla Ngawethu omskryf, wat beteken dit?

HOF : Is dit nie erken nie?

MNR. FICK : O, ekskuus. Na die getuie Shabangu gepraat het, het daar nog mense gepraat? --Ja, dit is so.

Wie het nog gepraat? -- Ek sal vra dat die Hof my verskoon. Hierdie mense is eintlik aan my bekend op hulle regte name, nie op die nommers wat hier gebruik word nie.

HOF : Ja, noem maar die regte naam, dan sal ons die nommers bysit.-Simon Nkoli het toe opgestaan.

Beskuldigde nr. 13.

MNR. FICK : Waaroor het hy gepraat? -- Hy het gepraat van die jong mense wat moet opstaan en aansluit by CCSAS en toe verder gesê dit is nou tyd dat die jong mense moet deelneem of aansluit by politiek en oorneem van die ou mense vanwaar die ou mense opgehou het, want die ou mense het nie geslaag nie.

Was daar enige aanduiding, het hy gesê waarmee het hulle nie geslaag nie? -- Nee, hy het nie gesê waarmee hulle

/ nie

nie geslaag het nie.

Van die ander persone wat u aangedui het wat hierdie vergadering bygewoon het, dr. Motlana, het hy gepraat? -- Ja, hy het.

Kan u onthou waaroor hy gepraat het? -- Ek onthou nog so 'n bietjie wat hy gesê het en waaroor hy gepraat het, want hy was die persoon wat toesprake gemaak het na die verkiesing van die mense wat ek na verwys het as die kantoor of die lede van die VCA.

Voor ons dan by hom kom, laat ons net kom by die verkiesing. Kan u onthou wie verkies was van die VCA? -- Ja, ek onthou.

Was daar 'n voorsitter? -- Ja.

Wie was hy? -- Reverend Lord McCamel.

Was daar 'n vise-voorsitter? -- Ja.

Wie was dit? -- Esau Raditsela.

Hierdie VCA het hy 'n sekretaris gehad? -- Ja.

Wie was dit? -- Johnny Motete.

En was daar 'n vis-sekretaris? -- Ja.

Wie was dit? -- Mike Kgaka.

En was daar enige tesourier? -- Ja, daar was.

Dit is? -- Thabiso Ratsomo.

Beskuldigde nr. 22. Behalwe hierdie mense, was daar nog ander mense op die bestuur? -- Ja. As die verteenwoordigers van die gebiede of die omgewings waar die mense gewoon het.

Gebied 3, was daar vir hom een gekies? -- Ja.

Weet u wie was dit? -- Bavumile Vilakazi.

Sien jy hom hier in die hof? -- Ja.

Waar is hy? -- In die voorste bank die tweede een van my regterkant.

HOF : Beskuldigde nr. 10. Kan hy opstaan. Is dit hy? -- Ja,

dit is hy.

MNR. FICK : Was daar een gekies vir Gebied 7? -- Ja, daar was.

Wie was dit? -- Edith Lethlake.

Gebied 11? -- Daar was een.

Kan jy hom onthou? -- Moss Dube.

Gebied 12? -- Daar was een. Sy naam kan ek nie so goed onthou nie.

Gebied 13? -- Daar was ook een gewees, maar ek kan nie onthou wat die naam was nie.

En Gebied 14? -- Daar was een.

Kan jy sy naam onthou? -- Ja.

Wie was dit? -- Thabo Moloisane.

Was daar een vir Evaton gekies? -- Ja, daar was.

Kan jy hom onthou? -- Tebogo Mosieleng.

Kan jy onthou of daar enigeen gekies vir Sharpeville? -- Ja, daar is een.

Wie is dit? -- Abe Sekgoto, ekself.

Boipatong? -- 'n Persoon met die naam van Patosi. Dit is sy van. Ek weet nie wat sy eerste naam is nie.

En Bophelong? -- Daar was een.

Kan jy hom nie onthou nie ? -- Ek kan nie die naam van die persoon onthou nie.

En Sebokeng by die hostel? -- Daar was een. Thembekile Hlekluku.

Jy sê vir die Hof hierdie mense was die gebiedsverteenwoordigers op die bestuur van die VCA? -- Ons was verteenwoordigers vir sekere gebiede.

Jy het aan die Hof aangedui dat nadat hierdie verkiesing gehou was, het dr. Motlana gepraat? -- Ja, dit is so.

Kan jy vir die Hof aandui waaroor hy gepraat het wat jy kan onthou? -- Van sy woorde wat ek nog kan onthou was

/...

hy is bly as die mense van die Vaal ook op hulle voete staan en die organisasie formuleer het wat namens die gemeenskap in die lokasie kan optree. Hy het toe verder breedvoerig gesê van hulle self te Soweto met die formulering van die Soweto Civic Association, dit was omdat die "so-called councillor" het hulle met niks tevrede gestel nie. Dit is goed as die mense van die Vaal hulle organisasie gestig het, sodat hulle goed kan weet van dinge wat betrekking het oor die Civics. Hulle moet saam met die ander Civics "to educate themselves, they must associate," Ek haal die woorde aan wat hy gebruik het "with other civic associations."

Die ander persoon wat u aangedui het wat ook daar op die vergadering was, Curtis Nkondo, het hy gepraat? -- Ja, hy was teenwoordig gewees.

Het hy 'n toespraak gehou? -- Ja, hy het, maar meeste van die tyd het hy van onderwys gepraat.

Wat van die onderwys het hy gepraat? -- Hy het gesê die skoolkinders moet die SRC's formuleer.

Is dit die studenterade? -- Dit is so.

Het hy gesê waarom hulle dit moet formuleer? -- Ja, hy het verduidelik.

Wat het hy verduidelik? -- Hy het gesê dit is nou tyd dat die sisteem van die "prefects" mee weggedoen moet word, want dit is een van die maniere waarmee hierdie goewerment, ons, die Swartmense onderdruk by die skole. Nou moet hulle hierdie SRC's formuleer om namens hulle op te tree by dinge wat hulle aanraak.

Was daar enigiets gesê oor skakeling met die SRC's onderling? -- Hy het gesê na hulle die organisasies gestig het, na die formulering van die organisasies, moet hulle aansluit by hierdie organisasie - ek kan net nie meer mooi

/ onthou

onthou presies wat die benaming van die organisasie was, die National wat waar die mense moet affilieer nie, maar dit is die "Umbrella of the National Education. Something of that sort."

HOF: Net interessantheidshalwe, hoe geskied daar onderdrukking deur middel van die prefektestelsel? -- Hy het nie verduidelik wat se soort onderdrukking is dit nie.

Weet u self? -- Ja, ek weet.

Wat is dit? -- 'n Prefek is eintlik die oë en die ore van of die onderwysers of die hoof van die skool wat dan eintlik moet kyk na die dinge wat gebeur of wat 'n sekere kind doen dat hulle dit dan gaan rapporteer aan die onderwyser of die hoof van die skool. Ek kan net byvoeg en sê hulle is die "audit takers" van die skoolkinders. Byvoorbeeld, as 'n voorstel nou kom van die hoof van die skool en sê hierdie ding moet gedoen word, hy sal nie die ding bestudeer en sien of dit regtig aanvaarbaar is, al dan nie, of die ander skoliere dit gaan aanvaar of nie.

Dit is nou die prefek? -- Dit is die prefek. Die prefek sal op sy eie besluit dit moet gedoen word, dit is reg.

MNR. FICK : Op die vergadering was daar enige resolusies aanvaar? -- Ja, dit is so.

Kan u die resolusies onthou, van hulle? -- Ja.

Laat ons hoor. -- Ek het 'n probleem om dit nou vir die Hof te sê in 'n Swarttaal. Daar is sekere woorde wat ek nie weet hoe om te stel in 'n Swarttaal nie. Dus gaan ek die Hof vra dat ek dit maar in Engels noem.

HOF : Seker? -- To demand decent housing and country for all.

Is daar nog? -- To demand lower rents, that is now house rents. To reject local authority - local Black authorities bills. To reject Koornhof and Botha bills. To reject homeland

/ systems

systems, because our people are just taken there, without even consulting them first. In other words, they are forced to go there. I think those are some of them I still remember.

MNR. FICK : Was daar enigiets wat u kan onthou oor die "councillors" self, die besluit? -- Yes, to do away or reject the councillors as they are the puppets of the government.

U het aangedui dat daar oor die verkiesings gepraat is, is daar enige resolusies oor die verkiesings, die komende verkiesing van raadslede, geneem? -- Wat se verkiesings praat u van?

Raadslede se verkiesings? -- Ja, daar was 'n resolusie "that the coming resolutions are to be rejected in all ..." (Court intervenes)

COURT : Elections? -- Yes, are to be rejected in all respects.

MNR. FICK : Kan u aan die Hof aandui hoe het dit gekom dat hierdie resolusies aanvaar is? Is dit uitgelees? Is daaroor gestem? -- Dit was uitgelees vanaf 'n papier.

Wie het dit uitgelees? Weet u? -- Thabiso Ratsomo het dit uitgelees.

Beskuldigde nr. 22. Kan u aan die Hof aandui waar het beskuldigde nr. 22 aan die papier gekom waarop hy dit uitgelees het? Wie het dit vir hom gegee? -- Ek weet nie waar hy dit gekry het of wie dit aan hom gegee het nie. Ek het net gesien hy het die papier en hy lees van die papier af.

Ek weet nie of dit al op rekord is op hierdie laat stadium nie, maar wie was voorsitter van die vergadering? -- Lord McCamel.

Kan u aan die Hof aandui hoe het dit gebeur dat beskuldigde nr. 22 die resolusies uitlees? Is hy voorgestel, het hy uit sy eie opgestaan en begin praat of hoe werk die ding? -- Lord het opgestaan en gesê daar is resolusies wat toe geneem is en ene Thabiso sal opstaan en dit vir ons lees. Dit is hoe

hy dit begin lees het.

En toe beskuldigde nr. 22 dit nou klaar gelees het, is daaroor gestem of het hy net gaan sit en dit was die einde van die saak gewees? -- Ons het daarvoor gestem.

Was dit aanvaar? -- Ja.

Was daar enige besluite of besprekings gewees oor die VCA, die Vaal Civic Association of hy sal affilieer met ander organisasies? -- Verskoon my, daar is iets wat ek uitgelaat het. Dr. Motlana het verder gesê dat as ons met VCA goed wil vorder, sal ons by die organisasie van UDF moet aansluit. Na hy dit gesê het, dit is dr. Motlana, het Lord toe opgestaan en gevra of ons by UDF moet aansluit of affilieer, al dan nie. Ons het toe op daardie besluit gekom dat VCA affilieer met UDF. Die rede daarvoor was volgens dr. Motlana se toespraak was dat die beleid van die VCA dieselfde is as dié van die UDF. Dit bring die mense bymekaar vir samewerking. Dit het nie 'n uitsondering watter ras is die ander persoon nie.

'n Verdere aspek, die sprekers wat daar gepraat het, as hulle voorgestel is watter prosedure is gevolg? Is daar tussenin gesing, is daar iets geskreeu, is hulle net voorgestel? -- Daar was 'n gesingery en 'n geskreeuery. Elke persoon wat daar 'n toespraak gemaak het, voor hy begin het met sy toespraak, het hy die woord Amandla geskreeu. Shabangu voordat hy begin het om 'n toespraak te maak, het hy gevra dat hierdie lied vir hom gesing word Senzenina. Elke keer as 'n persoon klaar gepraat het, sou daardie persoon geskreeu het Amandla en dan sal die gehoor terug skreeu en sê Awethu.

Mnr. Die Tolk, het die getuie nie nou enige tekens gegee wat daar gegee is saam met die geskreeu nie? -- (Mondeling het die getuie niks van die teken gesê nie, alhoewel hy sy hand laat beweeg het. Dus kon ek nie getolk het wat die getuie

/ doen

doen as hy geen melding daarvan maak nie.)

HOF : U kan op rekord plaas, mnr. Fick, nie die tolk nie. Wat wil u op rekord laat plaas?

MNR. FICK : Kan u net aan die Hof demonstreer, u het 'n teken gegee wat die mense blykbaar gegee het? -- Dit is die teken Amandla.

HOF : Op met die vuis in die lug, die regterhand.

MNR. FICK : En u sê daar was 'n gesing ook gewees. Was dit net hierdie een keer wat daar gesing is tussen die toesprake, toe Shabangu gevra het hulle moet vir hom Senzenina sing? -- Nee, dit was nie die enigste keer nie.

Kan u onthou wat was daar nog gesing tussen die toesprake? -- Byvoorbeeld een van hulle se bewoording was "Mandela Wethu Siyamlandela."

Kan u net aan die Hof verduidelik wat beteken die woorde? -- We follow Mandela, no matter what. Even if we die, we follow Mandela."

COURT : That is not what those words mean? -- That is the meaning of those words, because they say "Nyoba Unjani Siyamlandela."

MNR. FICK : En Senzenina? -- What have we done? We, the Black people, the Black nation, what have we done?

Was daar nog ander liedere gesing? -- Daar was een wat gesing was oor Botha en Koornhof wat ons gaan doodmaak, maar ek kan nie onthou wat die "tune" was van daardie lied nie.

U het vroeër ook getuig in verband met 'n ander lied wat op die vergadering gesing was "Siso Bodombula Nge Maimai? -- I do not know what is the meaning of Maimai, but we are going to shoot them with that thing, Maimai. I do not know what is it. In my opinion I can say a most powerful rifle, because I do not know what is Maimai.

Toe die vergadering verby is, is hy afgesluit met die sing van 'n lied? -- Ja, Nkosi Sikilela Afrika.

Die mense wat gekies was op die bestuur, die gebiedsverteenwoordigers, het hulle saam met die mense huis toe gegaan na die vergadering? -- Lord het versoek dat die "executive" van die "interim committee" en die verteenwoordigers moet agterbly, hy wil met hulle praat.

HOF : Is hierdie bestuur wat gekies is, dan die "Interim Committee? -- Ja, destyds was dit nog Interim Committee.

MNR. FICK : Kan u net aan die Hof verduidelik, voordat ons nou aangaan met hierdie gebiedsverteenwoordigers. Wat was die idee met die interim komitee? Hoe lank moes hy bestaan? -- Daar was nie besluit op die tydperk vir hoe lank hierdie Interim committee sou bestaan het nie. Dit het net bestaan vir 'n tydperk tot die mense gewoond raak of dan later weer verkies word of die mense besluit dat dieselfde persone in die Interim Committee amptelik nou gekies moet word as lede van die komitee.

U het nou vir die Hof gesê dat Lord McCamel het gevra dat hierdie gebiedsverteenwoordigers en die bestuur moet nou agterbly? -- Dit is so.

Het almal agtergebly van die gebiedskomitees en die bestuur? -- Ons het agtergebly, al kan ek nie sê dat ons almal agtergebly het nie, maar die meeste het agtergebly.

Wat het daar toe plaasgevind toe julle agtergebly het? -- Lod het toe aan ons gesê vernaam ons die areaverteenwoordigers, ons moet uitgaan en vergaderings organiseer, sodat ons baie lede kan kry en dan in die loop van die tyd in staat kan wees om komitees daar te laat bestaan.

Gebiedskomitees vir elke gebied? -- Ja, gebiedskomitees.

Wat se vergaderings is vir u gesê moet u hou,

/ huisvergaderings

huisvergaderings, massavergaderings, wat se vergaderings? -- Ons was gesê ons hou hierdie vergaderings van die "mass meetings" en "house meetings". Die manier waarop ons mense kan kry as lede, moet ons vir die mense vertel die "issues", die daaglikse "issues" wat die mense pla. Ons moet voorbeelde maak van die "high busfares, high rents" en die prys van brood, GST. Op daardie manier sal mense in staat wees om ons vergaderings by te woon en op daardie manier sal ons dan lede kry.

Net om die prentjie volledig te maak. Het u sulke vergaderings gehou daar in u gebied te Sharpeville? -- Ongelukkig nie.

Wat was die rede? -- Die rede was op die stadium wat ek gekies was, was ek alreeds in Sebokeng woonagtig. Alhoewel ek al op 'n stadium probeer het om met ene Phatang te praat oor die saal, het ek nie daarin geslaag nie. Die rede wat hy aan my verstrek het, was dat hy eers met iemand anders gaan praat saam met wie hy in die beheer van die saal betrokke is.

Die saal was toe nie beskikbaar nie? -- Dit was die laaste wat ek met die persoon gepraat het. Ek het nooit weer teruggegaan na hom toe nie.

Voor ons nou finaal van hierdie vergadering afstap, u het aan die Hof aangedui dat by die vergadering van 9 Oktober, toe jy daar kom, toe is daar plakkate voor die kerk van COSAS, UDF en RMC? -- Dit is reg.

Kan u die bewoording van die goed onthou? Die bewoording van die plakkate? -- Ek kan nie onthou nie.

Hierdie interim komitee van die VCA, het hy vergader? -- Ja, die eerste vergadering moes die volgende dag gewees het op 'n Maandag. Ongelukkig het ek dit nie bygewoon nie.

Het u so 'n vergadering later bygewoon? -- Ja.

Kan u aan die Hof aandui, hierdie VCA, het die vereniging 'n grondwet gehad? -- Nee, dit is voor hulle dit gehad het.

Het die organisasie VCA 'n banier gehad?

HOF : Net voor ons daarby kom. Het hulle later 'n grondwet gekry? -- Ek weet nie of daar later enige grondwet was nie, want die laaste wat ek daarvan gehoor het, was dat sekere persone dit sal maak.

MNR. FICK : Derdens wil ek vir u vra, die VCA organisasie, spesifieke kleure gehad? Kleredrag? -- Daar was gepraat gewees daaroor dat die manspersone 'n sekere tipe kledingstuk moet dra en die vroumense, maar dit het nie gebeur nie.

Nou wil ek by die geleentheid kom toe oor hierdie goed gepraat was. Kan u onthou wanneer was dit min of meer? -- Dit was in een van die vergaderings van die Interim Committee van VCA.

Kan u onthou by watter vergadering, waar die vergadering was? -- Die vergadering was gehou by Lord McCamel te Evaton.

Wat die konstitusie betref, het u klaar gesê daar was besluit dat twee persone sou so 'n ding opstel. Wie was die twee persone? Weet u? -- Esau Raditsela en Mike Kgaka sou die twee persone gewees het wat dit sou opstel.

En u sê u weet nie of die konstitusie ooit opgestel is nie? -- Nee, ek het nie geweet nie, van daardie dag af tot nou toe.

Dan die kwessie van die banier. Wat was die besluit oor die banier van die VCA? -- Dit was besluit in die vergadering dat al die lede dit sal gaan opstel by verskillende plekke en dan terugkom na die vergadering. In die vergadering sal hulle dan kies watter een aanvaar word deur die vergadering.

Is daar op kleredrag besluit?

HOF : Ek het gedink ons het dit al behandel? Daar is oor gepraat, maar nie tot 'n besluit gekom nie.

MNR. FICK: Is daar oor kleure besluit? -- Ja.

Watter kleure? -- Dat die manspersone swart broeke sal moet dra met "Afro-shirts" met hierdie kleure van die "Afro-shirts green, yellow and black, met die kaart van Afrika aan die voorkant van die "Afro-shirt" en aan die agterkant. Dieselfde sou geld vir die vroumense, maar Dorcas, Esau se vrou, sou daardie ding met die vroumense bespreek. Dit oor die kleredrag, die uniform, was gesê deur Esau. Hy is die persoon wat melding daarvan gemaak het.

HOF : Is 'n "Afro-shirt" so genoem omdat Afrika daarop is of is dit omdat hy 'n ander vorm het? -- Nee, nie omdat dit 'n Afrika kaart het nie. Dit is net die vorm daarvan. Daarom word dit 'n Afro-shirt genoem.

Wat is die vorm van 'n Afro-short? -- Dit is 'n tipe hemp met 'n V-nek. Hy het nie knope voor nie en dit is die tipe hemp wat 'n mens nie onder in die broek indruk nie. Dit hang net bo-oor die broek. Die moue daarvan is groot gemaak.

MNR. FICK : Was daar enige besluite geneem, bespreking gewees oor skakeling met UDF? -- Ja, by 'n ander vergadering wat ons gehou het. Esau het dit bekend gemaak aan ons in die vergadering dat hy in Johannesburg was en dat VCA alreeds geaffilieer is met UDF. Ons was nie almal bly om dit te hoor nie, vernaam die sekretaris, Johnny Motete, want dit was sy taak om daarmee te handel.

Was julle kwaad oor die affiliasie of oor die feit dat Esau dit gedoen het? -- Ons was nie tevrede omdat dit deur Esau gedoen was nie, as die assistent "Chairman" of "vice-chairman."

Was daar enige besluite geneem oor wie in die toekoms

/ met

met UDF mag skakel? -- Hy het gesê Thembekile sal in die toekoms die persoon wees wat dan kan skakel met die publikasies tussen VCA en die UDF. Dit is Thembekile Hlekluku .

U praat van publikasies. Wat se publikasies praat u nou van? -- Dit was 'n antwoord op u vraag.

Nee, ek verstaan dit heeltemal so. Ek wil graag meer weet oor hierdie publikasies. Wie se publikasies praat u van? -- The matters of the organisation itself.

HOF : Sou daar publikasies gaan van VCA na UDF of van UDF na VCA? -- Aan weerskante "both".

Herhaal net die naam van die skakel? -- Thembekile Hlekluku.

MNR. FICK : In verband met die publikasies wat u nou van praat, was daar enige besprekings gevoer oor publikasies wat VCA sou uitgee? -- Byvoorbeeld die kennisgewings van vergaderings ensovoorts.

Is daar enige gesprek gevoer oor publikasies van UDF? -- Nee, daar was geen verduideliking daaromtrent nie.

Dan wil ek met u gaan na Novembermaand 1983. U het op 25 November 'n oproep ontvang in verband met 'n vergadering? Dit is so.

Van wie het u die oproep ontvang? -- Esau Raditsela.

En wanneer sou die vergadering plaasvind? -- Sondag, die 27ste.

November? -- Ja, dit is so.

Waar? -- Roman Catholic Church Zone 12.

Het u gegaan? -- Ja, ek het.

HOF : 'n Vergadering van die bestuur of 'n vergadering van die hele VCA of van wat was dit 'n vergadering? -- Dit was georganiseer deur VCA maar dit was a "mass meeting".

MNR. FICK : Wat was die doel van die vergadering , die massa

/ vergadering

vergadering? Om wat te doen? -- It was an anti-election meeting or campaign. Ek kan dit so stel.

U kom toe nou by die vergadering aan. Was daar enige plakkate? -- Ja, daar was.

Van welke organisasies? -- COSAS, UDF, VCA, Release Mandela Committee. Dit is wat ek nog kan onthou.

Waaroor het die plakkate alles gegaan? Kan u die bewoording min of meer onthou? -- Ek onthou van hulle wat die bewoording was wat daar gestaan het.

Kan u dit noem? -- Away with councillors. Away with high rents. Away with local - Black local authorities. We are not going to vote for the puppets.

Hierdie plakkate was dit gedruk of was dit handgemaakte goed? -- Van hulle was gedrukte plakkate. Van hulle was met die hand geskryf.

Waar by hierdie Rooms-Katolieke Kerk het hierdie plakkate gestaan? -- Aan die mure.

Was daar net 'n paar of was daar baie? -- Hulle was baie gewees.

Het jy enige pamflette daar gesien? -- Daar was pamflette gewees van UDF en VCA.

Kan u onthou waaroor die pamflette gegaan het? -- Dat ons nie moet gaan stem vir die "puppets" nie. Dit is wat ek kan onthou.

Weet u of daar - het u enige baniere daar gesien?-- Ja, daar was 'n UDF een gewees.

Waar was hy? In die kerk, buite of waar? -- Dit was net daar bokant die "stage".

Die platform. Was daar iets geskryf op die ding? -- Ja, daar was iets geskryf. Ek kan nie meer onthou nie.

U sê dit was 'n UDF banier. Hoekom sê u so? -- Omdat

/ daar

daar geskryf was UDF.

Toe u by die vergadering opgedaag het, was die ding al aan die gang of het die mense nog gewag? -- Dit was voor hulle begin het. Dit was terwyl hulle nog wag.

Wat het die mense daar kom maak? Het hulle maar net rondgesit en rondgekyk of het daar iets gebeur? -- Daar was ŉ gesingery binne-in die kerk.

Was daar enige mense op die platform? -- Ja, dit is so.

Kan u nog onthou wie? -- (Getuie vra vir ŉ kort verdaging)

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

ABRAM SEKGOTO, Nog onder eed

ONDERVRAGINGDDEUR MNR. FICK (vervolg) : U sê daar was mense op die verhoog, op die platform? -- Ja.

Kan u hulle name onthou? -- Nie almal nie.

Wie kan u onthou? --Lord McCamel, Mike Kgaka, Thabiso Ratsomo, Esau Raditsela, Gcina Malindi en ander mense wat deelgeneem het aan die singery.

HOF : Is hier van die beskuldigdes by? Sit hulle nommers by.

MNR. FICK : Gcina Malindi is dieselfde een waarvan ons netnou gepraat het, beskuldigde nr. 5? -- Ja.

En Thabiso is nr. 22? -- Ja.

Was hier voorsingers, mense wat die sang gelei het of het almal spontaan gesing? -- Ja.

Weet u wie was die voorsangers? -- Gcina was een van hulle.

Nr. 5. Kan u nog van die ander onthou of kan u nie? -- Ek kan nie die ander onthou nie.

Wie was die voorsitter van hierdie vergadering? -- Lord

McCamel.

Kan u van die liedere noem wat daar gesing was? -- Dit is die gewone een Senzenina en Thambo Usehlathini, Singemasotja Mandela.

U het 'n aantal liedere geïdentifiseer. Ek het iets gehoor van Mandela. Ek het nie die hele ding gehoor nie. -- We are Mandela soldiers."

Die terme "Mandela" se "soldiers", weet u wat beteken dit, waarvoor word dit gegee? -- No, I do not know. I only know that as a song.

Twee sprekers het opgedaag terwyl die singery aan die gang was. Is dit korrek? -- Dit is so.

Wie was die mense? -- Curtis Nkondo en Elliot Shabangu.

Die vergadering is toe geopen? -- Ja.

Het Elliot Shabangu toe 'n toespraak gehou? -- Ja, hy het.

Kan u onthou waaroor het sy toespreek op hierdie vergadering gehandel?-- It was condemning the coming elections.

Wat het hy aan die gehoor oorgedra? Dat hulle glad nie moet stem nie of die mense wat staan is nie die regte mense nie, kandidaat nie of wat? -- Hulle het gesê die mense moenie deelneem in die verkiesing nie, van die kandidate wat glo gekies moet word. Daar is verder gesê dat om te stem dat 'n persoon deelneem aan die verkiesing van hierdie Black Local Authorities, is om deel te naam aan die verkiesing van "oppression".

Die ander persoon wat daar opgedaag het, Curtis Nkondo, het hy 'n toespraak gemaak? -- Ja, hy het.

Waaroor het hy dit gehad? -- Soos maar op die ander dae het hy net van onderwys gepraat. Hy het toe iets bygevoeg en gesê ons moenie soos die ander organisasies wees nie, wat nie Witmense in hulle organisasies wil hê nie. Ons moet

hulle aanvaar as lede sodat ons hulle kan gebruik om hulle eie mense te gaan doodmaak, net soos hulle die Witmense wat ons eie Swartmense gebruik om ons dood te maak.

Wat was die gehoor se reaksie op die toespraak van Curtis Nkondo? -- Ek sal sê die mense se reaksie was dat hulle saamstem met die toespraak van Nkondo, want hulle het 'n groot geraas gemaak en hulle het voorkokom asof hulle met blydskap dit aanvaar wat Nkondo gesê het.

Wat se geraas het hulle gemaak? -- Hulle het Amandla geskreeu met die vuiste op (soos aangedui deur die getuie) en toe gefluit ook daar.

Van die persone, die ander persone wat op die verhoog was, die platform, soos Lord McCamel en Thabiso Ratsomo, het hulle toesprake gemaak? -- Thabiso het 'n toespraak gemaak.

Beskuldigde nr. 22. Wat het hy te sê gehad? -- Hy het gesê hierdie verkiesings wat kom, die mense moenie opstaan en gaan kies nie. Hy het ook dieselfde woorde gebruik van "oppression" deur te sê om daardie mense te kies, kies 'n mens "oppression".

K53 En die ander persoon Lord McCamel? Het hy 'n toespraak gemaak?-Ek kan nie onthou of Lord gepraat het daar nie.

Die sing van liedere, was dit beperk tot die begin van die vergadering of was dit ook tussenin sprekers? -- Hulle het tussenin gedurende die vergadering gesing. Verskoon my, nou het ek iets onthou wat Lord gesê het. Lord het verwys na die Bybel en gesê die gesukkel van die mense het maar die hele tyd bestaan van lank en hierdie boek gelees Lamentations Chapter 5 vers 1 tot 5.

Het hy uitgebrei oor die swaarkry van die mense? -- Ja, hy het .

Wat het hy te sê gehad? -- Soos dit in die Bybel ook

verduidelik was, het hy ook gesê daar is mense wat sien ons sukkel. Ons is net soos weeskinders. Ons koop vuurmaakhout en water, soos mense wat nie ouers het nie op ons eie land en ons land is oorgeneem deur ander persone.

Het hy enigiets verder daarop te sê gehad? -- Dit is al wat ek kan onthou. Ek kan nie verder onthou nie.

Nou wil ek met u gaan na Januarie 1984. Was u by 'n interim komitee vergadering van VCA? -- Ja, ek was.

Kan u onthou wat daar besluit was? -- Ja, Johnny was gevra om 'n verduideliking hoekom hy nie die vergaderings bywoon gereeld nie.

Was daar enige verdere besprekings gevoer of besluite geneem oor verdere vergaderings wat beplan word? -- Esau het toe gesê ons moet voortgaan met die organisasie van vergaderings en die mense politiseer, sldat ons hulle kan mobiliseer. Ek gebruik sy woorde "As hell is going to break loose in South Africa."

Het u probeer uitvind wathy vir u probeer sê? -- Hy het nie daarop uitgebrei nie. Dit was nie my woorde wat daar gebruik was nie. Ek wou my nie daaromtrent gepla het om meer te weet daaroor nie.

Die organisasie bekend as Evaton Rate Payers Association, kenuu so 'n organisasie? -- Ja, ek ken dit.

Wie u wie sy voorsitter is? -- Ek weet nie wie die voorsitter is nie, maar daar is iemand wat dit verteenwoordig het by ons "mass meetings" van die VCA. Daar was 'n verteenwoordiger van hulle gewees.

Kan u onthou of daar by hierdie interim komitee enige bespreking was oor hierdie organisasie? -- Ja, ek onthou, al is dit nie so goed nie.

Kan u vir die Hof sê wat was daar besluit? -- Die besluit

was dat daar 'n vergadering gehou gaan word "under the banner of the UDF waar die Evaton Rate Payers tesame met die VCA bymekaar sou kom. Dit is al wat ek kan onthou in daardie geval.

In Februarie 1984 was u by die huis gekry, 19 Februarie? gedurende die oggend? -- Ja.

En u is na Lord McCamel se huis geneem? -- Dit is so.

Wie het u daar gekry? Wie het u kom oplaai by die huis na Lord McCamel se huis toe? -- Esau Raditsela het my kom haal.

Wat het daar gebeur by Lord McCamel se huis? -- Dit sou een van ons vergaderings gewees het wat daar gehou sou word. In daardie vergadering sou ons voorbereidings gemaak het vir nog 'n vergadering wat gehou sou word by die Rooms-Katolieke Kerk dieselfde middag.

Was dit 'n soort van bestuursvergadering ter voorbereiding van die vergadering die middag? -- Ja.

Waaroor sou hierdie vergadering in die Rooms-Katolieke Kerk die middag gewees het?

HOF: Het die vergadering plaasgevind in die Rooms-Katolieke Kerk?

MNR. FICK : Dit is korrek.

HOF : Nou waarom lei u dan getuienis oor die vergadering ter voorbereiding van die vergadering? Hoe is dit ter sake?

MNR. FICK : Wat daar besluit was, wat by daardie vergadering gedoen moet word.

HOF: Wel, as dit ter sake is, moet u dit lei, sekerlik, maar ek kry die indruk asof ons hier in onmoontlike detail verval terwyl u met 'n paar grepe die belangrike dinge kon uitgelig het. Ek weet nie wat kom nie. Ek kan u nie stop nie, maar ek het na baie getuienis geluister vanmôre, my assessore

is presies dieselfde mening toegedaan, wat ons dink heelwat korter aangebied kon gewees het. Daar is sekere sake in wat vir u van belang is, maar byvoorbeeld hierdie vergadering om ter voorbereiding van 'n vergadering - ek weet nie wat kom nie, maar lei maar klaar, dan sal ons sien, maar ek wil ernstig 'n beroep op u doen om asseblief onnodige dinge uit hierdie saak uit te skakel, want ons gaan oneindig lank sit in die saak.

MNR. FICK : Ek sal dan net gaan na die middag se vergadering toe. Die vergadering die middag, wie was die voorsitter? -- Ek was die voorsitter.

Was daar ook gesing by hierdie vergadering? -- Dit is so.

HOF : Was dit 'n massavergadering? -- Ja.

MNR. FICK : Waaroor was hierdie massavergadering gereël? Wat was die onderwerp van die vergadering? -- Daar sou 'n verkiesing gehou gewees het vir Zone 7 Action Committee.

U sê daar is ook gesing by hierdie vergadering. Kan u net die liedere se naam gee? -- Dit was maar hierdie gewone liedere gewees, die Freedom songs.

Dit wat u reeds genoem het? -- Ja.

Van die beskuldigdes, was hulle daar? -- Ja.

Kan jy hulle uitwys? -- Gcina Malindi, David Mphuthi ... (Mnr. Fick kom tussenbei)

Watter nommer is Malindi? -- Beskuldigde nr. 5.

En Mphuthi, watter nommer is hy? -- Nr.7.

Wie nog? -- Van die ander mense wat daar teenwoordig was, sien ek nie tussen die beskuldigdes nie.

Die beskuldigde Malindi, het hy aan die vergadering deelgeneem, enige toesprake gemaak? -- Nee.

Het hy enige funksie verrig by die vergadering? -- Nee, hy het net die vergadering bygewoon soos die ander mense.

En David Mphuthi, beskuldigde nr. 7, het hy enige funksie verrig? -- Ja, hy het 'n toespraak gemaak.

Waaroor het hy gepraat? Oor die huur en die "high bus fares".

Wat het hy daaroor te sê gehad? --"We must boycott the high rents and the high bus fares, and we must fight for our rights." Hy het toe nie breedvoerig wat daarvan nie.

Net duidelikheidshalwe, hy het nie gesê hoe dit geboikot moet word nie? -- Hy het nie verduidelik nie. Hy het dit aan die mense oorgelaat om self te dink.

Het hy enigsins gesê hoe hierdie fight for the rights gedoen moet word en watter regte hy van praat? -- Hy het gepraat van die high bus fares en die high rents. hoe om dit te beveg, het hy nie gesê nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K54 ABRAM SEKGOTO, nog onder eed

ONDERVRAGING DEUR MNR. FICK (vervolg) : Ons was laas besig met die vergadering van Februarie 1984 en u het toe gesê dit was in verband met die verkiesing van 'n Gebied 7 aksie-komitee van VCA? -- Ja.

Is daar so 'n gebieds aksiekomitee gekies op die vergadering?-- Ja.

Kan u aan die Hof aandui wie was gekies? -- Die volgende mense wat ek kan onthou is die mense wat daar gekies was: Edith Lethlake, as a chairlady.

Was daar 'n vise-voorsitter?-- Ja, David Mphuthi.

Wie nog? -- Die sekretaris was Modise Mthombeni.

Was daar 'n vise-sekretaris? -- Ja.

Weet jy wie is dit? -- 'n Sekere dame. Haar van is Namane.

/ -

Was daar 'n tesourier? -- Ja, daar was.

Weet u wie dit was?-Ek kan nie meer onthou of dit Sam Matlole was nie.

Sien u hom hier? -- Ja, hy is hier. Dit is die persoon wat ek na verwys.

Beskuldigde nr. 17. Was daar nog ander lede verkies behalwe hierdie wat sekere poste vervul het?-- Ja, daar was. Ek kan hulle nie meer onthou nie.

Nou gaan ek met u na 'n volgende vergadering toe op 10 Junie 1984. Daar was 'n AZAPO vergadering.

HOF : 'n Vergadering vir die publiek of net vir AZAPO? --

MNR. FICK : Ek sal nou daarby uitkom. Is dit korrek? -- Ja, dit is so.

Was daar 'n massa vergadering of net 'n bestuursvergadering? -- Dit was net 'n bestuursvergadering.

Waar was hy gehou? Weet u? -- By Oupa Hlomoka se huis.

Beskuldigde nr. 2. Kan u onthou wie was almal daar van die bestuur? -- Ekself, Oupa, Klaas Mpahlele en Charles Mabiletsa.

En waaroor het hierdie vergadering gegaan? -- Ons het daar gepraat oor die boikot van die doen en late van die raadslede. Daar het ons voorbereidings gedoen vir 'n ander vergadering wat ons sou gehou het later.

Was daar enige samewerking tussen hierdie AZAPO Vaal tak en ander organisasies in die Vaal Driehoek? -- Voor die dag van hierdie betrokke vergadering was daar nie, maar in hierdie vergadering het ons die voorbereidings gaan bespreek dat ons samewerking moet hê.

Wie se idee was dit dat daar samewerking tussen die AZAPO en ander organisasies moet wees? -- Dit was ons voorsitter se idee, naamlik Oupa Hlomoka.

/ Met

Met watter organisasie sou julle saamwerk? -- COSAS, UDF en VCA.

Het julle daar besluit hoe julle gaan saamwerk met hulle? -- Ja, dit is so.

Hoe het julle besluit? -- Die ooreenkoms was dat ons 'n vergadering sal moet organiseer om die goewerment of die sisteem te wys dat die organisasies kan saamwerk om een doel te bereik.

Het julle hierdie doel bespreek wat julle wil bereik? -- Dit was "to disturb all the things that have got to do with the local authorities."

Kan u vir die Hof meer uitbrei op die woord "disturb"? -- Dit beteken dat ons hulle nie kans moet gee om vry te werk nie, want ons soek hulle nie. Met ander woorde, ons moet hulle boikot geheel en al.

Net duidelikheidshalwe, die "local authorities wat u van praat, is dit die "Black local authorities"? -- Ja, ek het alreeds so gesê "Black local authorities".

HOF : Kan ek net duidelikheid kry daar. U het vantevore gepraat van 'n boikot van die verkiesings vir daardie gemeenskapsrade of plaaslike owerhede. Beteken hierdie woorde "to disturb all the things that have got to do with the local authorities"dat julle veel verder sou gaan as 'n boikot van die verkiesing? -- Dit is so.

Hoe ver sou julle gaan? -- Tot ons ons doel bereik.

Wat is dit wat u wou bereik? -- Wat ons wou gehad het is dat as hulle die huurgelde verhoog, moet hulle eers die gemeenskap bymekaar roep en hoor wat is die gevoel van die gemeenskap oor hierdie huurgelde wat verhoog word. Met ander woorde, alles wat hulle wil doen aangaande die gemeenskap daar, moes hulle eers die gemeenskap geroep het en met die

gemeenskap daaroor gepraat het en hoor wat die gemeenskap se gevoelens is alvorens hulle hulle eie besluit gaan neem oor wat gedoen moet word.

Sou die woord "disturb" inhou 'n onttrekking van deelname of sou die woord "disturb" inhou 'n aktiewe optrede om te vernietig? -- Ek volg nie die vraag so mooi nie.

U het gesê die doel was "to disturb all the things that have to do with the local authorities". Jy het ook gesê dat "disturb" is, ons moet hulle nie 'n kans gee om vry te werk nie. Nou vra ek vir u, beteken dit dat hulle wou enige deelname, ophou met enige deelname aan enige aktiwiteite van hulle of wou julle verder gaan en aktief self iets doen om hulle in die wiele te ry? -- "Disturb" daar beteken ons wou hulle glad nie gehad het nie. Dié wat nog daar was, moes bedank het sodat die bestaan nie meer daar is nie.

MNR. FICK : Het u bespreek wat gaan gebeur as die rade nou wel die huur verhoog sonder om die mense te ken en as hulle nou nie wil bedank nie? -- Ja, die besluit oor die huurgelde was, as hulle dit gaan doen dat hulle die huurgelde gaan verhoog sonder om die gemeenskap te raadpleeg, sal ons nie die verhoogde bedrag betaal nie.

En as die raad nou nie wil bedank nie? -- Wat dit betref het ons nog nie by finaliteit gekom nie.

Dan gaan ons na 2 September 1984 toe. Op hierdie dag was daar 'n vergadering in die Anglikaanse Kerk, Sharpeville. Weet u daarvan? -- Ja, ek weet daarvan.

Was u daar? -- Ja, ek was daar.

Laat ons dit net duidelik kry, wie se kerk was dit? -- Father Moselane s'n.

Beskuldigde nr. 3. Hoe het dit gekom dat u by hierdie vergadering uitgekom het?

HOF : Wie se vergadering was dit?

MNR. FICK : Ek sal dit nog vasstel. -- Die Saterdag net voor die dag van die vergadering, het ek Oupa ontmoet, wie toe vir my gesê het van hierdie betrokke vergadering.

Is dit nou Oupa, beskuldigde nr. 2, wat u van praat of is dit 'n ander Oupa? -- Dit is so.

Hierdie vergadering, wie se vergadering was dit nou gewees? -- Dit was 'n vergadering van die organisasies as geheel in die Vaal Driehoek.

Om die ding nou korter te maak, u het netnou gepraat van 'n klomp organisasies. Was dit deel van AZAPO se vergaderings? -- AZAPO, COSAS, VCA en Civic was ook verteenwoordig deur sekere lede van hulle.

HOF : Wie is Civic? -- Vaal Civic Association.

MNR. FICK : Toe u by die vergadering aankom, was hy al aan die gang? -- Ja, dit was al lank dat die vergadering aan die gang was.

U het by die deur gaan staan? -- Ja, dit is so.

Is daar nog mense wat by die deur gestaan het? -- Daar was baie mense gewees, want dit was baie vol.

Het u enige pamflette daar gesien? -- Ja, ek het 'n pamflet gesien in besit van 'n persoon wat net 'n entjie van my af was.

Kan u die bewoording onthou van die pamflet? -- Toe ek gekyk het, het ek gesien dat dit die besluite van ouers bevat, werkers en kinders.

Ek wil aan u 'n dokument toon. Ken u hierdie dokument? -- Ja, dit was 'n dokument soortgelyk aan hierdie een.

Ek identifiseer aan u dokument AN15(2). Vir gerief, die vertaling is agter op, maar ek weet nog nie of My Geleerde Vriende die vertaling sal erken nie.

HOF : Wanneer sal ons dit weet?

/ MNR. FICK

MR BIZOS : We did not know that this witness was being called or that this document was going to be referred to. I have no instructions at present about it.

COURT : Yes, but you have had the documents for a number of months already.

MR BIZOS : Yes, that is true.

COURT : Has your team gone into the matter of these translations of these documents?

MR BIZOS : I have no specific instructions in relation to documents. They have been ... (Court intervenes)

COURT : Will you have somebody have a quick look at the document and eventually when the cross-examination comes, you can tell me whether it is admitted or not?

MR BIZOS: We will most certainly do that. It will present no difficulty. We have literate people amongst the accused who will be able to give us an instruction fairly quick. We do not even have our documents in court. We have them in a cupboard nearby because of the lack of space. So, we really cannot do it too quickly.

MNR. FICK : Op die vergadering van die 2de, dit was in die kerk van beskuldigde nr. 3, was beskuldigde nr. 3 self daar? -- Ja, hy was.

Het hy 'n toespraak gehou daar? -- Met my aankoms daar het ek na vorentoe beweeg om tot by die deur te kom, waar ek geloer het deur die deur. Hy was besig met 'n toespraak.

Het u gehoor waaroor hy praat? -- Ja, die stukkie wat ek gehoor het, het ek gehoor waaroor praat hy.

En dit is? -- Hy het gesê dit is nou die tyd dat Mahlatsi en sy "company" nou gewys moet word dat dit lank is dat hulle op ons koppe speel, hy het nou by die laaste stasie gekom.

Mahlatsi, wie is dit? -- Hy is een van die hoofde van die

"puppets" van die Vaal Triangle. Dit is hoe ons hulle noem.

Is hy 'n raadslid? -- Hy is die "mayor".

Het jy nog iets gehoor waaroor beskuldigde nr. 3 hom uitgelaat het? -- Away with the councillors, away with the high rent en toe gesê die volgende dag, dit wil sê die 3de gaan ons marsjeer na Houtkop toe om 'n gesprek te voer met Mr Ghantz.

Laat ons net 'n ding opklaar. Houtkop, is dit die plek waar die Administrasieraad is? -- Dit is die hoofkantoor van die Administrasieraad.

En mnr. Ghantz, wie is dit? -- Hy was die voorsitter of die direkteur van daardie plek.

HOF : Het beskuldigde nr. 3 gesê "AWay with the rent" of "Away with the high rents"? -- Away with the high rents.

MNR. FICK : Het u gesien toe beskuldigde nr. 3 sy toespraak afgesluit het?-- Ja, ek het gesien.

Wat het toe gebeur? -- Die vraag is nie duidelik nie. Omtrent die mense wat luister daar, die gehoor of met hom persoonlik?

Toe hy klaar gepraat het, was daar 'n geskreeu, 'n gesing? Wat het die mense gedoen? -- Daar was geskreeu gewees op dieselfde manier van Amandla (soos aangedui deur die getuie) en die teken is gemaak.

HOF : Vuis in die lug.

MNR. FICK : Wie het Amandla geskreeu? -- Al die mense wat daar was.

En beskuldigde nr. 3? -- Hy het ook geskreeu. (Die getuie dui aan nog 'n teken met die vuis).

En was daar gesing? -- Ja.

Wat was daar gesing? -- Die woorde van daardie lied was Siyaya, Siyaya.

Het u enige plakkate in die kerk opgemerk? -- Ja, ek het.

Wat was op die plakkate? -- Away with the councillors, away with the high rents. Dit is wat ek kan onthou wat daar op geskryf was.

Was dit gedrukte plakkate of handgemaak? -- Handgeskrewe plakkate.

Was daar net een of twee of 'n klomp? -- Daar was baie.

Beskuldigde nr. 2, Oupa Hlomoka, wat u herinner het aan die vergadering, was hy ook daar? -- Ja, hy was.

Het hy deelgeneem aan die vergadering? -- Dit is so.

Wat het hy gedoen? -- Hy het ook 'n toespraak gemaak.

Waaroor het hy dit gehad? -- Hy het ook gepraat van dieselfde ding dat daar nie werk toe gegaan word die Maandag nie, dit is die ding van die 3de. In plaas daarvan word daar gemarsjeer na Houtkop toe.

Het beskuldigde nr. 2 enigiets aangedui ten opsigte van die raadslede? -- Wat hy gesê het is dat ons betaal nie huishuur nie, met ander woorde geskreeu wat sê Mabafe.

HOF: Wat beteken dit? -- That means let them die.

Verwysende na wie? -- Hy het nie verduidelik na wie hy verwys as hy so sê nie.

MNR. FICK : Wat was hy besig om oor te praat op daardie stadium toe hy dit skreeu? -- Hy was besig om oor die huishuur te praat en die raadslede.

Toe hy nou hierdie woorde geskreeu het, wat was die reaksie van die gehoor?-- Die mense het toe "emotional" geword toe hy dit geskreeu het.

Hoe het hulle gereageer? -- Hulle het geskreeu Amandla Awethu. (Getuie demonstreer met vuis in die lug)

Was daar gesing? -- Ja, daar was.

Wat was gesing? -- Dieselfde lied van Siyaya, Siyaya,

/ Wehe

Noba Kunjani.

Kan u aan die Hof verduidelik wat dit beteken? -- We are going, no matter what.

Ons kom dan nou by 3 September 1984. Ekskuus, net voor ons daar kom, daar was ander sprekers ook? -- Ja, daar was nog 'n ander een.

Kan jy hom net identifiseer? -- Kethla Mthembu. Hy is van AZAPO.

Het hy enige pos in AZAPO? -- Hy het 'n pos in AZAPO, maar ek weet nie wat sy pos is wat hy daar beklee nie.

Net baie kortliks, waaroor het sy toespraak gegaan? Dieselfde as die vorige mense oor die huur en die raadslede of het hy oor ander goed gepraat? -- Sy toespraak was oor die huishuur en die wegbly van die werk af Maandag en toe verder bygevoeg natuurlik dat mense nie bekommerd moet wees omdat hulle miskien weggejaag word van die werk af of ontslaan word nie of gearresteer word nie, AZAPO sal die verdediging beskikbaar stel.

Net laastens, was daar resolusies aanvaar op hierdie vergadering? -- Ja, dit was dat die Maandag gemarsjeer gaan word.

HOF : Dit is nou na Houtkop toe? -- Dit is so.

MNR. FICK : Het hy enigiets gesê oor waar die mense bymekaar moet kom om te marsjeer? -- Mense in die nabyheid van die Anglican Church sou daar bymekaar gekom het.

En die ander? -- Die ander mense sou hulle maar in die pad ontmoet, dit is die hoofstraat van Sharpeville, Seeisostraat.

Was daar, afgesien van die mense wat nou nie moes gaan werk nie, iets gesê oor die ander groepe mense soos vrouens en kinders, wat moet hulle maak? -- Nee, dit het ek nie gehoor

nie.

Was daar enigiets op die vergadering gesê oor ander vergaderings wat op ander plekke gehou word of gehou was? -- Nie terwyl ek daar was nie. Geen melding was daarvan gemaak nie. Ek weet nie voor ek daar gekom het nie.

Die oggend van 3 September 1984 was u by u huis? -- Dit is so.

Het daar toe iemand by u aangekom? -- Dit is so.

Wie? -- Oupa Hlomoka in die geselskap van twee vreemde persone.

Dit is beskuldigde nr. 2. Hoe laat het hy ongeveer daar aangekom? Weet u? -- Omtrent 07h30, 08h00.

Wat het hy daar by u kom maak saam met die ander twee mans? -- Hy het my kom sê dat ons na 'n vergadering toe moet gaan te Small Farms by die Roman Catholic Church.

By watter plek is die Katolieke Kerk? Small Farms, in watter voorstad is dit? -- Dit is geleë in Evaton.

Wat maak u toe? -- Ek het saam met hom gegaan, maar ek het eers probeer om winkels toe te gaan.

<u>HOF</u>: Het u gesê u gaan eers winkels toe? -- Ja.

<u>MNR. FICK</u> : Hoekom het u dit gesê? -- Ek wou eintlik weggegaan het en weggebly het van daardie vergadering af.

<u>HOF</u>: Hoekom? -- Ek het nie 'n "interest" gehad om na daardie vergadering te gaan nie.

<u>MNR. FICK</u> : Wat was beskuldigde nr. 2 se reaksie toe u sê u gaan winkels toe? -- Hy het aan my gesê die winkels is toe.

En wat gebeur toe? -- Hy vra my toe of ek 'n T-hemp het van AZAPO, waarop ek toe aan hom gesê het nee, ek het net die "badge" van AZAPO.

'n Wapen? -- Ja.

En toe? -- Hy sê toe vir my ek moet dit maar vat. het

dit gevat en dit opgesit en ons is toe na sy huis toe.

Hoekom is u na sy huis toe? -- Hy het toe die T-hemp van AZAPO aangetrek. Ons is toe weg in die rigting van die winkels van Zone 3.

Die twee ander mans wat saam met u was, wat het hulle aangehad? -- Hulle het hulle normale burgersklere aangehad.

HOF: Was die ander twee mans ook saam? -- Dit is so.

MNR. FICK : U het toe gestap en u is by 'n skool verby? -- Ja.

En u het toe 'n geleentheid gekry na die vergadering per voertuig? -- Ja, dit is so.

Toe u by hierdie kerk aankom te Small Farms, die Rooms-Katolieke Kerk, wat maak u toe? -- Ons is in die kerkgebou in. Ons is na die platform toe.

Wag net 'n bietjie. Wie is ons? Is dit u en Oupa of u en Oupa en die ander twee of wie? -- Dit was ek, Oupa en die ander.

Toe u daar kom en u gaan na die platform toe, wat was besig om te gebeur in die vergadering? -- Daar was 'n gesingery daar in die vergadering.

Wat was gesing? -- Freedom songs.

Soortgelyk as dié wat u vantevore genoem het? -- Dit is so, ja.

Was daar enige slagspreuke geskreeu? -- Ja, daar was.

Wat was geskreeu? -- Dieselfde as dié wat ek alreeds genoem het.

Amandla Ngawethu? -- Dit is so.

Die mense in die saal, was daar baie mense, min mense? -- Die saal was vol gewees.

Was daar enige plakkate wat u opgemerk het? -- Ja, daar was.

Handgemaakte of gedrukte plakkate? -- Handgemaakte

plakkate.

Weet u wat die bewoording was van die goed? -- Ja.

Laat ons hoor? -- Ek sal dit aanhaal soos dit daar geskryf gestaan het.

Ja? -- Kill Mahlatsi and brothers. Away with the high rents. Away with the councillors.

Was daar net een van elk of was daar 'n klomp van die plakkate? -- Daar was baie van hulle wat op daardie manier geskrywe was.

HOF: Was al hierdie woorde op een plakkaat of was dit verskillende plakkate? -- Verskillende plakkate.

Byvoorbeeld was een plakkaat "Kill Mahlatsi and brothers" en 'n ander plakkaat "Away with high rents"? -- Korrek.

MNR. FICK : Die mense wat die vergadering bygewoon het, hoe was hulle geklee? -- Van die mense was geklee in hulle normale privaat klere en daar was van die mense wat gekleed was in die kleure van hulle organisasies.

Watter organisasies se kleure het u daar opgemerk? -- COSAS, UDF, AZAPO, RMC.

U het toe daar op die platform gegaan. Was daar ander mense op die platform? -- Ja, daar was, baie.

Van die persone wat u opgenoem het vantevore, die beskuldigdes, was van hulle daar? -- Ja, van hulle was daar gewees.

Kan u hulle noem? -- Daar is van hulle wie se name ek nie ken nie, maar ek sien hulle hierso.

Kan u hulle uitwys? -- Ja. Beskuldigde nr. 9 was by gewees.

HOF: Kan hy opstaan? -- Nee, nr. 8.

Laat nr. 8 opstaan. Is dit die persoon? -- Dit is die persoon.

MNR. FICK : Nkopane. -- Beskuldigde nr. 15. Hulle is die mense wat ek onthou wat daar was.

En van die ander wat u nou hulle name ken, van die beskuldigdes? -- Dit is nou die mense wat nie op die platform was nie. Dit is hulle name wat ek nie ken nie.

Kan u hulle noem? -- Matlole was daar by die kerk.

Nr. 17. Wie nog? -- Dit is net hy wat ek nou kan onthou.

Was daar 'n toespraak of toesprake gemaak by die vergadering? -- Ja, daar was.

Wie het gepraat? -- Esau Raditsela.

Wat het hy vir homself te sê gehad? -- Sy toespraak was dit is nou tyd, ons marsjeer nou na Houtkop toe. "We are going to kill Mahlatsi and brothers." Dit is die instruksies wat hy gegee het. "Houses belonging to the councillors must be destroyed or anything that belongs to the councillor. Property belonging to the police must be destroyed. Properties belonging to Vaal Transport Corporation must be destroyed, but all that belongs to ordinary people must just be left alone or as they are." Dit is hoe hy gepraat het.

En die gehoor se reaksie daar toe hy nou hierdie goed sê, wat was dit? -- Die gehoor daar wat my betref was so opgesweep gewees dat ek kon sien dat as een van die raadslede miskien daar te voorskyn sou kom, hulle daardie persoon sommer sou byt met tande of kou.

U Edele, die getuie gaan nou oorgaan na die gebeure tydens die sogenaamde mars. Ek wil aan die hand doen dat hierdie is 'n geleë tyd om te verdaag.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 5 FEBRUARIE 1986.

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I1-3-16**
*Document Title:-* **Vol 16 p 727-777. Witness: Sekgoto**